

# Oasis lafenis water nou op jou voorstoep



Johannes en Elaine van Wyk kom vestig hulself in Heilbron nadat hulle hulle Oasis winkel se deure pas oopgemaak het. Oasis water is nou te koop in Heilbron, Kerkstraat nadat hierdie paartjie 'n jaar terug dieselfde besigheid in Koppies geopen het. Hierdie winkel verkoop egter nie net gesuiwerde munisipaliteit-water nie, maar 'n reeks aanmaaksap is ook beskikbaar. Die winkel is oop vir besigheid en sal voorsien in al die verwante benodigdhede.

HIERNA HET EK  
'N GROOT MENIGTE  
GESIEN WAT NIEMAND  
KON TEL NIE.  
HULLE WAS VAN  
ELKE NASIE, STAM,  
VOLK EN TAAL EN  
HET VOOR DIE  
TROON EN  
DIE LAM GESTAAN.  
HULLE HET WIT  
KLERE AANGEHAD,  
EN DAAR WAS  
PALMTAKKE IN  
HULLE HANDE.



Openbaring 7:9

## "Capital Singers on a magical snow ride"

'n Paar vriendinne van Heilbron het die afgelope naweek die pad gevat Pretoria toe om deel te wees van die 16de optrede van die Capital Singers.

Die Kersuitvoering van die Capital Singers, Noël, het bestaan uit 'n masakoer van 1019 koorlede en saam met hulle het Louis Look, Nadine en Thembeke as gaskunstenaars opgetree.

Die pretvolle familie-vriendelike produksie het bestaan uit pragtige kersmusiek wat ook gesorg het vir heelwat hoendervleis-oomblikke. Die musiekproduksie is deur Janine Neethling gedoen, vir die orkes en koor het die briljante Christo Burger en Michael Barret as dirigente opgetree. Ian von Memerty was die Kreatiewe Hoof.

Capital Singers word in samewerking met SARIE tydskrif en Groot FM 90.5 aangebied.

Die volgende uitvoering, "Our African Dream", sal plaasvind op 12 - 14 Junie 2020 met Emo Adams, Tarryn Lamb en die Mzansi Youth Choir as gaskunstenaars.



Op die foto vl: Hannelie Flemming, Driekie Flemming, Carina Kleynhans, Anzelle Lesch en Janet du Toit.

## Time and change are for all of us

• Motivational Speaker of Phiritona - Ntong Tshepo

Your background does not define you or your future, it only remind you where you come from. You are defined by the choices that you make for today, because this will shape your future.

The mentally capacity of humankind is very important in other to determine our future. No matter how bad the disadvantage of our background is, the way to succeed in life, is to go forward.

Wake up and don't be afraid. Changes and obstacles are part of life and always will be, but one need to have a clear sense of purpose. Tell yourself to be courageous and be hopeful, these are powerful weapons of life.

Faith without action is dead and words without implementation never lead you anywhere. You are the master of your own destiny. Remember to accomplish your goal, you should change your mindset.

If one door is closed there will be more than one door that will be opened. Be grateful for what God gives you. You will see me struggle, but I will never give up.

Have a nice Christmas and all the best for 2020. There is a future ahead for all of us.



## Oud-Heilbronner oorlede

Cecile Krause 'n oud-inwoner van Heilbron is verlede week na 'n kort siekbed oorlede. Cecile sal altyd onthou word vir die empatie en omgee, wat sy aan die mens langs haar bewys het.

Na Christo se aftrede het die egpaar hulle in Pretoria gevestig.

